

# Oseane se bewaring bespreek

## Odette Parfitt

Die bewaring van die wêreld se oseane en die see se rol as voedselbron kom binnekort by 'n konferensie in Port Elizabeth onder die loep wanneer navorsers koppe hieroor bymekaar gaan sit.

Dié navorsingsimposium word môre aangebied deur die Instituut vir Kus- en Mariene Navorsing (CMR), wat deur die Nelson Mandela-Universiteit (NMU) gestig is.

“Die doel van die simposium is om die impak van navorsing te wys en moontlikhede vir samewerking op die gebied te identifiseer,” sê Zandile Mbabela, NMU-woordvoerder.

“Altesame 25 van die CMR se beste akademici, navorsers en studente sal voorleggings by die



## **Zandile Mbabela**

simposium doen.”

Die dag word in drie sessies gedeel met spesifieke navorsingstemas, soos die impak van stygende seevlakke en die kwesbaarheid van die metro se vlei-

lande wat eerste bespreek sal word.

In die tweede sessie sal prof. Mike Roberts 'n voorlegging doen oor die Solstice-navorsingsprojek oor klimaatsverandering en die impak daarvan op die Indiese Oseaan.

Roberts is die eerste voorsitter van die nuwe leerstoel in oseanografie en voedselsekerheid tussen die NMU en die Universiteit van Southampton in die Verenigde Koninkryk.

Akwakultuur en die moontlikhede om dit te ontwikkel sal ook bespreek word, terwyl die bewaring van die oseaan en ander watermassas se biodiversiteit in die derde sessie bespreek sal word.

Die simposium sal van 08:30 tot 16:00 op die NMU se suidkampus plaasvind.